*Die Eerste Algemene Brief van*

# PETRHO

| | | |
|---|---|---|
| **Outeur** | **:** | **Petrho ( Pa van Marhko).** |
| **Aan** | **:** | **Die Joodse vreemdelinge van die verstrooiing in die Antieke Wêreld wie Gelowig geword het.** |
| **Rede** | **:** | **Aanmoediging om getrou te bly aan die Geloof in die Tye van Vervolginge.** |
| **Geskryf in** | **:** | **Jerusalem (Babilon)** |
| **Geskryf tussen** | **:** | **63-67 CE** |

## Voorwoord.

Die hoofdoel van die brief is om gelowiges wat verspreid gewoon het in die noordelike streke van Klein – Asie en wat terwille van hulle geloof vervolg en onderdruk word, te bemoedig. IESO die Gesalfde se dood, opstanding en beloofde koms is hulle vaste fondament sodat hulle kan aanhou glo, hoop en volhard. Hulle word opgeroep om as ‘n koninklike priesterdom en ‘n heilige volk getrou te bly aan hulle Verlosser deur wie hulle duur gekoop is. Hulle moet in die Lewenswandel volhard. By die koms van die Regeerder wag daar ‘n beloning vir hulle.

## Profete van Ouds vertel van die Saligheid in die Gesalfde.

**1** Petrho, ‘n apostel van IESO die Gesalfde,

> Aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus,
> Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,

2 uitverkore volgens die voorkennis van Aleim die Vader, in
die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en
besprenkeling met die bloed van IESO die Gesalfde: Mag
genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

**Danksegging weens die hoop op die saligheid.**

3 Geseënd is die Aleim en Vader van onse Regeerder IESO
die Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die geboorte
van bo geskenk het tot ‘n lewende hoop deur die opstanding
van IESO die Gesalfde uit die dode,
4 sodat ons ‘n onverganklike en onbesmette en onverwelklike
erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons
5 wat in die krag van Aleim bewaar word deur die geloof tot
die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die
laaste tyd.
6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig
is—’n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,
7 sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder
is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind
mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van
IESO die Gesalfde;
8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in
wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met
‘n onuitspreeklike en heerlike blydskap,
9 en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele,
verkry.
10 Aangaande hierdie saligheid het die profete wat
geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is,
ondersoek en nagevors,
11 en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees
van die Gesalfde wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit
getuig het van die lyde wat oor die Gesalfde sou kom en die
heerlikheid daarna.
12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie,
maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is
deur dié wat die Blye Tyding aan julle verkondig het in die
Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—dinge waarin die
engele begerig is om in te sien.

**Vermaning om heilig te wees.**

13 Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees
nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by
die openbaring van IESO die Gesalfde.
14 Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig
volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid
bestaan het nie.
15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle
ook in jul hele lewenswandel heilig word,

16 omdat daar geskrywe is:
> Wees heilig, want Ek is heilig.
> ***3de MoUse. 19:2. LXX MT***

17 En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming
van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan
in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap;
18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge,
silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat
deur die vaders oorgelewer is nie,
19 maar deur die kosbare bloed van die Gesalfde, soos van ‘n
lam sonder gebrek en vlekkeloos,
20 wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die
wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle
ontwil,
21 julle wat deur Hom glo in Aleim wat Hom uit die dode
opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en
hoop op Aleim kan wees.
22 As julle in gehoorsaamheid aan die Waarheid julle siele
deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet
julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart;
23 want julle is inderdaad van bo gebore nie uit verganklike
saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van
Aleim wat tot in ewigheid bly.
24 Want

“alle vlees is soos gras, en al die
heerlikheid van die mens soos ‘n
blom van die gras. Die gras verdor
en sy blom val af,
25 maar die Woord van IEUE bly
tot in ewigheid.
En dit is die Woord wat aan julle
verkondig is.
***Esaia 40:6-8. LXX MT***

## Ons Erfdeel deur die Gesalfde.

**2** Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en
afguns en alle kwaadpratery;
2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die
onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan
opgroei,

3 as julle ten minste gesmaak het dat
die Regeerder goedertieren is.
***LXX-Psalm.33:9; MT-Psalm. 34:8***

4 Kom na Hom toe, die lewende Steen wat deur die mense
wel verwerp is, maar by Aleim uitverkore en kosbaar is;
5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike
huis, ‘n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat
aan Aleim welgevallig is deur IESO die Gesalfde.
6 Daarom staan dit ook in die Skrif:

“Kyk, Ek lê in Sion ‘n uitverkore en
kosbare Hoeksteen, en die wat in
Hom glo, sal nooit beskaam word
nie.
***Esaia. 28:16. LXX MT***
7 Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar;
maar vir die ongelowiges geld die
Woord:
“Die Steen wat die bouers verwerp
het, dit het ‘n hoeksteen geword;
en: ‘n Steen desaanstoots en ‘n
rots van struikeling—
***Psalm. 118:22. LXX MT***
8 vir dié wat hulle daarteen stamp,
omdat hulle aan die Woord
ongehoorsaam is, waarvoor hulle
ook bestem is.
***Esaia. 8:14. LXX MT***
9 Maar julle is ‘n uitverkore geslag,
‘n koninklike priesterdom, ‘n
heilige volk, ‘n volk as eiendom
verkry, om te verkondig die
deugde van Hom wat julle uit die
duisternis geroep het tot Sy
wonderbare Lig,
***LXX-2de MoUse. 23:22;***
***MT-2de MoUse. 19:5, 6***
10 julle wat vroeër geen volk was nie,
maar nou die volk van Aleim is; aan
wie toe geen barmhartigheid bewys
is nie, maar nou bewys is.
**Osee.** ***1:6, 9 2:1, 23. LXX MT***

**Die eerbare lewenswandel onder die Nasies.**
**Onderwerping aan die Owerheid.**
11 Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge
om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen
die siel;
12 en hou julle lewenswandel onder die nasies skoon, sodat as
hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op
grond van die goeie werke wat hulle aanskou, Aleim kan
verheerlik in die dag van besoeking.
13 Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter
wille van die Regeerder—of dit die koning is as opperheer,
14 of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te
straf, maar die wat goed doen, te prys.
15 Want so is dit die wil van Aleim dat julle deur goed te
doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring,
16 as vrymense en nie asof julle die vryheid het as ‘n
dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van
Aleim.
17 Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, Aleim vrees,
die koning eer.
18 Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees,
nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan
die wat verkeerd is.
19 Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete
voor Aleim, leed verdra deur onregverdig te ly.
20 Want watter roem is daar as julle verdra wanneer julle
sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer
julle goed doen en ly—dit is genade by Aleim.
21 Want hiertoe is julle geroep, omdat die Gesalfde ook vir
julle gely het en julle ‘n voorbeeld nagelaat het, sodat julle Sy
voetstappe kan navolg;

22 “Hy wat geen sonde gedoen
het nie, en in wie se mond
geen bedrog gevind is nie”;
***Esaia. 53:9. LXX MT***

23 wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy
gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom
wat regverdig oordeel;
24 wat self ons sondes in Sy liggaam op die paalhout gedra
het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid
lewe; deur wie se wonde julle genees is.

25 Want julle was soos dwalende
skape, maar nou het julle
teruggekeer na die Herder en
Opsiener van julle siele.
***Esaia. 53:4-6. LXX MT***

### Doen diens en Ly tot die Heerlikheid van Aleim. Pligte van vroue en mans.

**3** Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees,
sodat, as sommige aan die Woord ongehoorsaam is, hulle ook
deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word
2 as hulle jul reine, Aleimvresende wandel aanskou het.
3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en
omhang van goud en aantrek van klere nie,
4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike
versiering van ‘n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar
is voor Aleim.
5 Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op Aleim
gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans
onderdanig,

6 soos Sarhrha gehoorsaam was aan
Abrhaam en hom heer genoem het;
wie se kinders julle geword het as
julle goed doen en geen enkele
verskrikking vrees nie.
***1ste MoUse. 18:12. LXX MT***

7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en
aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat
julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe
is—sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.

### Broerderliefde, Geduld, Verdrukking.

8 En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol
broederliefde en ontferming, vriendelik.
9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met
skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat
julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.
10 Want

“wie die lewe wil liefhê en goeie
dae wil sien, moet sy tong bewaar
vir wat verkeerd is, en sy lippe dat
hulle geen bedrog spreek
nie.
11 Hy moet afwyk van wat verkeerd is,
en doen wat goed is; hy moet
vrede soek en dit najaag.
12 Want die oë van IEUE is op die regverdiges
en Sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig
van IEUE is teen die kwaaddoeners.
***LXX-Psalm. 33:13-17; MT-34:12-16***

13 En wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle
navolgers is van die goeie?
14 Maar as julle ook moet ly ter wille van die geregtigheid,
salig is julle. En vrees hulle glad nie, en wees nie ontsteld nie.

15 Maar heilig IEUE Aleim in julle
harte en wees altyd bereid om
verantwoording te doen aan elkeen
wat van julle rekenskap eis omtrent
die hoop wat in julle is, met
sagmoedigheid en vrees;
***Esaia. 8:12, 13. LXX MT***

16 met behoud van ‘n goeie gewete, sodat in die saak waarin
hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, húlle
beskaam mag word wat julle goeie lewenswandel in die
Gesalfde belaster.
17 Want dit is beter, as die wil van Aleim dit eis, dat julle ly
wanneer julle goed doen as wanneer julle kwaad doen.
18 Want die Gesalfde het ook eenmaal vir die sondes gely,
Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot Aleim te
bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend
gemaak deur die Gees;
19 in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in
die gevangenis,
20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid
van Aleim een maal gewag het in die dae van Noe, onderwyl
die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur
water heen gered is;
21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as ‘n
aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ‘n bede
tot Aleim om ‘n goeie gewete—deur die opstanding van IESO
die Gesalfde
22 wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand
van Aleim is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom
onderwerp is.

### Volg die Goeie Voorbeeld van die Gesalfde.

**4** Omdat die Gesalfde dan vir ons na die vlees gely het, moet
julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees
gely het, opgehou het met die sonde,
2 om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die
begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil
van Aleim.
3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil
van die nasies volbring het deur te wandel in ongebondenheid,
begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en
ongeoorloofde skynbeelderye.
4 Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in
dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster.
5 Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die
lewende en die dode te oordeel.
6 Want daarom is ook aan die dode die Blye Tyding
verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in
die vlees, maar lewe na Aleim in die gees.
7 En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en
nugter, om te kan bid.

8 Maar bo alles moet julle mekaar
vurig liefhê, want die liefde sal ‘n
menigte sondes bedek.
***Spreuke. 10:12. LXX MT***

9 Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer.
10 Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van Aleim.
11 As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van Aleim; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat Aleim verleen, sodat Aleim in alles verheerlik kan word deur IESO die Gesalfde, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.
12 Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie;
13 maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van die Gesalfde, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van Sy heerlikheid met blydskap kan jubel.

14 As julle beledig word oor die Naam
van die Gesalfde, is julle
gelukkig, omdat die Gees van die
heerlikheid en van Aleim op julle
rus. Wat hulle betref, word Hy wel
gelaster; maar wat julle betref,
word Hy verheerlik.
***Esaia. 11:2. LXX MT***

15 Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie.
16 Maar wanneer iemand as 'n navolger van die Gesalfde ly, moet hy hom nie skaam nie, maar Aleim verheerlik in hierdie opsig.
17 Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van Aleim. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die Blye Tyding van Aleim ongehoorsaam is?
18 En

as die regverdige nouliks gered
word, waar sal die bose en
die sondaar verskyn?
***Spreuke 11:31. LXX MT***

19 So laat dan ook die wat volgens die wil van Aleim ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.

## Opdragte en Finale Groete.

**5** Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van die Gesalfde is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word:
2 Hou as herders toesig oor die kudde van Aleim wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;
3 ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.
4 En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.
5 Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want

"Aleim weerstaan die hoogmoediges,
maar aan die nederiges gee Hy
genade.
***Spreuke. 3:34. LXX MT***

6 Verneder julle dan onder die kragtige hand van Aleim, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.

7 Werp al julle bekommernis op
Hom, want Hy sorg vir julle.
***LXX-Psalm. 54:23; MT-Psalm. 55:22***

8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.
9 Hom moet julle teëstaan, standvastig in die Geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.

**Wense en Groete.**

10 En mag die Aleim van alle genade self, wat ons geroep het tot Sy ewige heerlikheid in die Gesalfde IESO, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!
11 Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.
12 Deur Silouano, die getroue broeder, soos ek meen, het ek kortliks aan julle geskrywe om julle te vermaan en om te betuig dat dit die ware genade van Aleim is waarin julle staan.
13 Die mede-uitverkorene in Babilon en Marhko, my seun, groet julle.
14 Groet mekaar met 'n kus van liefde. Vrede vir julle almal wat in die Gesalfde IESO is! Amen.